



# Hoërskool Fichardtpark

Hudsonrylaan 24  
Fichardtpark  
Bloemfontein 9301  
☎ (051) 5226927

Posbus 31132  
Fichardtpark  
9317  
✉ [fichpos@fpark.co.za](mailto:fichpos@fpark.co.za)  
✉ [ontvangs@fpark.co.za](mailto:ontvangs@fpark.co.za)

---

2017-11-02

Geagte Ouer - Gr 8-leerder (2018)  
Inskrywings 2018

brief/Gr 8 Nuwe

## 'N OPWINDENDE JAAR IN 2018 WINK VIR JOU !

By voorbaat welkom by Hoërskool Fichardtpark. 'n Opwindende jaar in 2018 is reeds beplan en ons sien met verwagting uit na jou betrokkenheid by ons skool.

Aangeheg vind u die volgende:

- Gr 8-Kamp - 19-21 Januarie 2018 (Retief Kampterrein, Maselspoort)
- Jaarbeplanning 2018 (U ontvang elke kwartaal 'n baie volledige kwartaalprogram)
- Skoolgelde - begrotingsdokument
- Debietorder (**LET WEL: Direkte bank inbetaling of debietorder word voorgestel**) Kaartfasiliteite is ook by die skool beskikbaar.
- Skryfbehoeftes vir 2018
- Aansoekvorm om sluitkassie "Locker" te huur is by die finansiële beampte, mev Elizabeth Gouws, beskikbaar. Beperkte aantal beskikbaar vir verhuur.

Aangehegte dokument oor skoolgelde 2018, verwys na die verpligte skoolgelde betaalbaar soos goedgekeur tydens die begrotingsvergadering op 30 Oktober 2017. Skoolgelde is aan die begin van die jaar betaalbaar, maar u kan die opsie kies om die gelde oor 10 maande te betaal (R1 300 per maand). **'n Aanvangsheffing van R1400 is voor of op 17 Januarie 2018 betaalbaar.** Dié aanvangsheffing kan reeds November 2017 betaal word om sodoende verligting te bring vir uitgawes begin 2018.

Skooldrag is by Kloppers en Tunika beskikbaar. Die sweetpak en sporthempie is egter by ons klerebank beskikbaar. **'n Graad 8-spanbou hempie is vanaf 13 November teen R150 beskikbaar.** Alle Gr 8-leerders word versoek om die hempie saam met 'n denim op Dinsdag, 16 Januarie 2018 (oriënteringsdag) skool toe te dra.

Ons versoek u om te belê in 'n skoolbaadjie vir u kind. Selfs op koeler dae in die somer word baadjies gedra. Leerders verteenwoordig die skool na buite geklee in netjiese skoolbaadjies. 'n Skool oortrektrui, (pullover) is as alternatiewe keuse van die gewone skooltrui by Kloppers en Tunika beskikbaar. Dié oortrektrui word aanbeveel, vertoon netjies en dra gemakliker onder 'n skoolbaadjie.

Klerebank besigheidsure:

Klerebank is nie Vrydae oop nie.

- Weeksdag vanaf 13 November tot einde November 2017 - Oop vanaf 12:30-13:00
- Maandag, 15 Januarie 2018 - 11:00-14:00
- Dinsdag, 16 Januarie 2018 - 11:00-13:00
- Woensdag en Donderdag 17, 18 Januarie - 14:00-14:30.
- Gr 8 hempie ook vanaf 13 November by boekstoor beskikbaar gedurende kantoorure.

Skakel gerus met die kantoor indien bogenoemde besigheidsure u nie pas nie.

#### **KLEREBANK TWEEDEHANDSE KLERE PRYSLYS**

Skoolrok R30

Grys skoolbroek R30

Trui R40

Skooldas R10

Baadjies (dié wat nog in die klerebank beskikbaar is, verkoop teen ongeveer R300.)

#### **NUWE SPORTKLERE**

Sweetpaktop - S - XXL R350

Sweetpakbroek R220

Seuns sporthemp R180

Dogters sporthemp R180

Sportbroeke R120

Matriekdas R150

Nuwe voorraad in 2018 onderworpe aan moontlike prysverhoging.


**Ons versoek alle Gr 8-leerders om op Dinsdag, 16 Januarie 2018 vanaf 08:00 - 11:30 by die skool te wees.** Tydens dié geleentheid word ons klasse ingedeel, leerders ontmoet hul onderwysers en algemene inligting word met hulle gedeel. **Alle Gr 8-leerders woon die dag by geklee in vermelde hempie en denim.**

Neem kennis dat die skool op Woensdag, 17 Januarie 2018 vir alle leerders open. (Skoolure: 07:30-14:00) **Ouers is welkom om die saalopening, wat in die Doxa Deo/Kruiskerk naby die skool plaasvind, by te woon.**

Die kantoor is reeds op Maandag, 15 Januarie 2018 (vanaf 08:00) oop. Dit sal 'n voorreg wees om 'n persoonlike diens aan u te lewer. Skakel met die kantoor vir afspraak met skoolhoof.

Op Dinsdag, 16 Januarie 2018, om 18:00 is hier 'n bring en braai geleentheid vir alle ouers en leerders van ons skool. Dit is die geleentheid waar bestaande ouers die nuwe ouers ontmoet. Skool voorsien die vure. Bring asseblief vir u 'n stoel saam. Die geleentheid word op die krieketveld by die busloods aangebied.

Ons ontmoet u graag.



AA Myburgh  
(Wnd Skoolhoof)